

## Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

| GRAAN SA<br>OLIESADE  | DATUM      | DATUM          |       | + - WEEK GELEDE |   | + - MAAND GELEDE |            | + - JAAR GELEDE |        |         |
|---|------------|----------------|-------|-----------------|---|------------------|------------|-----------------|--------|---------|
|   | 2020/03/30 | 2020/03/27     |       | 2020/03/23      |   | 2020/03/02       |            | 2019/04/01      |        |         |
|   | Data       | Δ              | Δ%    | Data            | Δ%  | Data             | Δ%         | Data            | Δ%     |         |
| Brent (\$/b)  | 26.77      | 0.24           | 0.9%  | 26.53           | -2.7%   | 27.51            | -53.3%     | 57.30           | -59.8% | 66.60   |
| US\$: ? ZAR   | 17.87      | 0.540          | 3.1%  | 17.33           | 1.5%  | 17.60            | 19.1%      | 15.01           | 23.1%  | 14.52   |
| ΔCBOT Mielies 8vm : 12nm*   | R 2 434.13 | 56             | 2.3%  | R 2 378.31      | *CBOT Mar cents / bushel + -08:00 today vs CBOT Corn Mar + -12 : 00 the previous day        |                  |            |                 |        |         |
| ΔCBOT Koring 8vm : 12nm*  | R 3 750.56 | 127            | 3.5%  | R 3 623.21      | *CBOT Mar cents / bushel + -08:00 today vs CBOT Wheat Mar + -12 : 00 the previous day       |                  |            |                 |        |         |
| ΔCBOT Soja 8vm : 12nm*  | R 5 787.36 | 183            | 3.3%  | R 5 604.84      | * CBOT Mar cents / bushel + -08 : 00 today vs CBOT Soybeans Mar + -12 : 00 the previous day |                  |            |                 |        |         |
| Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige handelingsdag)   |            |                |       |                 |   |                  |            |                 |        |         |
| Mielies May '20   | 346.00     | -2.60          | -0.7% | 348.60          | -2%   | 354.60           | -8%        | 376.20          | -17%   | 416.60  |
| Koring May '20  | 571.20     | 2.20           | 0.4%  | 569.00          | 15%   | 498.00           | 7%         | 534.60          | 10%    | 518.20  |
| Sojabone May '20  | 881.40     | 1.20           | 0.1%  | 880.20          | 7%  | 821.60           | 0%         | 882.40          | -8%    | 957.40  |
| Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige handelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton))  |            |                |       |                 |   |                  |            |                 |        |         |
| SORGHUM Spot  | 3215.00    | 0              | 0.0%  | 3215.00         | 0.0%  | 3215.00          | 0.0%       | 3215.00         | -9.9%  | 3568.00 |
| WMAZ Spot   | 3606.00    | 353            | 10.9% | 3253.00         | 22.1%   | 2953.00          | 36.5%      | 2641.00         | 24.9%  | 2886.00 |
| WMAZ Jul 20   | 2564.00    | 47             | 1.9%  | 2517.00         | 2.0%  | 2513.00          | 8.6%       | 2360.00         | 12.4%  | 2927.00 |
| YMAZ Spot   | 2729.00    | 39             | 1.4%  | 2690.00         | 5.3%  | 2591.00          | 7.5%       | 2538.00         | 1.1%   | 2700.00 |
| YMAZ Jul 20   | 2712.00    | 35             | 1.3%  | 2677.00         | 6.9%  | 2537.00          | 12.3%      | 2414.00         | -0.3%  | 2719.00 |
| SOY Spot  | 6686.00    | 137            | 2.1%  | 6549.00         | 6.1%  | 6300.00          | 13.9%      | 5869.00         | 38.3%  | 4833.00 |
| SOY May '20   | 6726.00    | 150            | 2.3%  | 6576.00         | 10.6%   | 6080.00          | 18.8%      | 5662.00         | 37.7%  | 4885.00 |
| SUN Spot  | 5825.00    | 85             | 1.5%  | 5740.00         | 5.0%  | 5550.00          | 10.1%      | 5292.00         | 6.5%   | 5468.00 |
| SUN May '20   | 5873.00    | 8              | 0.1%  | 5865.00         | 5.4%  | 5570.00          | 11.0%      | 5291.00         | 7.1%   | 5483.00 |
| WHEAT Spot  | 5320.00    | 70             | 1.3%  | 5250.00         | 6.8%  | 4982.00          | 11.6%      | 4766.00         | 15.2%  | 4620.00 |
| WHEAT May '20   | 5217.00    | -9             | -0.2% | 5226.00         | 4.5%  | 4991.00          | 8.3%       | 4815.00         | 11.6%  | 4673.00 |
| OLIESADE (US\$/ton)   | 2020/03/27 | Bron: Oilworld |       |                 | 2020/03/20  | 2019/03/22       | 2018/04/30 |                 |        |         |
| Soya-oil, Arg.  | 615        |                |       |                 | 5.7%  | 582              | -10%       | 685             | -9%    | 676     |
| Soya-pell, Arg.   | 368        |                |       |                 | 9.5%  | 336              | 13%        | 326             | 0%     | 368     |
| Soybean, USA  | 371        |                |       |                 | 4.5%  | 355              | -2%        | 379             | -10%   | 410     |
| USA Runner 40/50  | 1500       |                |       |                 | 0.0%  | 1500             | 15%        | 1300            | 15%    | 1300    |
| Sun-oil, Arg.   | 650        |                |       |                 | 0.8%  | 645              | -2%        | 665             | -19%   | 800     |
| Sun-oil, Black Sea  | 650        |                |       |                 | 1.6%  | 640              | -4%        | 675             | -13%   | 750     |
| Sunseed,Black Sea   | 385        |                |       |                 | 1.3%  | 380              | 4%         | 370             | -6%    | 409     |
| Rapeseed, EU cif  | 394        |                |       |                 | 3.4%  | 381              | -6%        | 417             | -1%    | 399     |
| Palmk oil Mal, EU   | 685        |                |       |                 | 5.4%  | 650              | -5%        | 720             | -34%   | 1037    |
| JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE   |            |                |       |                 |   |                  |            |                 |        |         |
| <p><b>Sojabone:</b> Die Chinese sojaboon verwerking het gedurende die eerste helfte van die seisoen die verwagtinge oortref en dit het die verwagte verwerking vir die seisoen laat toeneem. Die verwagting is dat China se sojaboon verwerking vir die seisoen ongeveer 6% meer sal wees as die vorige seisoen se verwerking. Die hoër verwerking in China word grootliks gedryf deur die groter vraag na sojaboonmeel. Die internasionale sojaboonmeel pryse het ondersteuning gevind en dit word hoofsaaklik aangedryf deur die groot vraag en lae voorraadvlakke in China, asook die verdragings in Suid-Amerikaanse uitvoere as gevolg van wetgewing rondom die verspreiding van die Korona virus. Die verwagtinge wêreld invoere van sojabone gedurende die 2019/20 seisoen behoort 155 miljoen ton te bereik, wat 7.8 miljoen ton meer as die vorige seisoen se invoere sal wees. Die grootste toename in die invoere word in China verwag wat hierdie seisoen weer verantwoordelik vir ongeveer 59% van die wêreld se invoere sal wees. Die wêreld sojaboon produksie vir die seisoen behoort laer te wees as wat aanvanklik hierdie seisoen verwag was, met die weerstoestand in Suid-Amerika wat versleg het soos die seisoen gevorder word. Volgens die nuutste skatting word die wêreld produksie nou op 338.6 miljoen ton geskat wat 4.2 miljoen ton laer is as die vorige skatting wat 'n maand gelede gedoen was. Die grootste afname in die produksieskatting vir die seisoen was in Argentinië en Brasilië. Alhoewel die produksie in Suid-Amerika laer sal wees as wat aanvanklik verwag was, sal die Suid-Amerikaanse produksie hierdie seisoen steeds rekord vlakke bereik. <b>Plaaslik:</b> Die plaaslike sojaboonmark het verlede week hoofsaaklik ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die week. Die NOK het verlede week hul 2de produksie skatting vir die seisoen bekend gemaak en die sojaboon produksie vir die seisoen is 2.11% opwaarts aangepas tot 1.269 miljoen ton.</p> <p><b>Sonneblomsaad:</b> In die 2de helfte van die seisoen behoort die wêreld verwerking van sonneblomsaad laer te wees as wat aanvanklik verwag was. Die kan grootliks toegeskryf word aan die druk op die internasionale sonneblom olie pryse tussen Januarie en middel Maart. Die laer sonneblom olie pryse het die persmarge in die Noordelike halfrond onder druk geplaas en die verwerking het verlangsamer. Die verwagte sonneblom eindvoorraad in die EU is opwaarts aangepas vanaf die vorige skatting. In Bulgarye was die produsente verkope van sonneblomsaad in die eerste helfte van die seisoen beperk en nou sit die produsente met groot hoeveelhede sonneblomsaad beskikbaar, terwyl daar 'n beperkte vraag na sonneblomsaad aan die koperskant is. Die wêreld sonneblomsaad eindvoorraad word ook hoër geskat as 'n maand gelede. Die verwerking in die Swartsee gebied behoort ook laer te wees as wat aanvanklik verwag was, terwyl die totale produksie in beide Rusland en die Oekraïne opwaarts aangepas is vanaf die vorige skatting. <b>Plaaslik:</b> Die plaaslike sonneblomsaad mark het verlede week ondersteuning gevind en het meestal sterker verhandel vir die week. Die NOK se 2de produksie skatting vir die seisoen is 4.59% opwaarts aangepas vanaf die vorige skatting wat 'n maand gelede gedoen was. Die totale sonneblom produksie vir die seisoen word nou op 731 210 ton geskat.</p> <p><b>Kanola:</b> Die wêreld kanola verwerking behoort hierdie seisoen laer te wees as wat aanvanklik verwag was en dit kan grootliks toegeskryf word aan die vraag na bio-diesel in die EU wat laer is asook die handelsgeskille tussen Kanada en die China wat steeds nie opgelos is nie. Die verwagte wêreld verwerking van kanola staan nou op 60.3 miljoen ton wat die laagste verwerkingsvolume in die afgelope 8 jaar sal wees. <b>Plaaslik:</b> In die plaaslike mark begin die produsente weer beplan vir die nuwe seisoen se kanola produksie. Die NOK maak einde April die voorneme om te plant vir die seisoen bekend.</p> <p><b>Grondbone:</b> Die COVID-19 pandemie sal ook 'n impak op die internasionale grondboonmark hê. Indië se grondboon uitvoere is vir 21 dae opgeskort met maatreëls wat in plek gestel is om die verspreiding van COVID-19 hok te slaan. Die impak van die virus op groot grondboon olie verbruik lande, soos Italië en die VSA, plaas druk op die vraag na grondboon olie in hierdie lande. In China is daar steeds 'n groot vraag na grondbone, asook grondboon produkte en China se invoere het toegeneem die afgelope tyd. <b>Plaaslik:</b> In verlede week se 2de produksie skatting deur die NOK is die grondboon produksie vir die seisoen opwaarts aangepas met 3.07% tot 56 060 ton.</p> |            |                |       |                 |   |                  |            |                 |        |         |
| Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: luan@grainsa.co.za  |            |                |       |                 |   |                  |            |                 |        |         |